# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Wednesday 12 August 1981 — WINDHOEK — Woensdag 12 Augustus 1981 — No. 4509


CONTENTS:


*Page*

**PROCLAMATION**

No. A.G. 19 Application of the Commissions Act, 1947, with reference to the Commission of Inquiry into Health Services. 1

**GOVERNMENT NOTICE:**

No. A.G. 113 Appointment of Commission of Inquiry into Health Services in South West Africa 2


## Proclamation

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 19 — 1981

### APPLICATION OF THE COMMISSIONS ACT, 1947, WITH REFERENCE TO THE COMMISSION OF INQUIRY INTO HEALTH SERVICES

Under the powers vested in me by section 1(1) of the Commissions Act, 1947 (Act 8 of 1947), I hereby declare the provisions of the said Act to be applicable with reference to the Commission of Inquiry into Health Services which was appointed by me and the appointment of which was made known by Government Notice No. AG. 113 of 1981.

Administrator-general — Windhoek, 10 August 1981

INHOUD:


*Bladsy*

**PROKLAMASIE**

No. A.G. 19 Toepassing van Kommissiewet, 1947, met betrekking tot Kommissie van Ondersoek na Gesondheidsdienste 1

**GOEWERMENTSKENNISGEWING**

No. A.G. 113 Aanstelling van Kommissie van Ondersoek na Gesondheidsdienste in Suidwes-Afrika 2


## Proklamasie

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 19 — 1981

### TOEPASSING VAN KOMMISSIEWET, 1947, MET BETREKKING TOT KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA GESONDHEIDSDIENSTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 1(1) van die Kommissiewet, 1947, (Wet 8 van 1947), verklaar ek hierby die bepalings van genoemde Wet van toepassing met betrekking tot die Kommissie van Ondersoek na Gesondheidsdienste wat deur my aangestel is en waarvan die aanstelling bekend gemaak is by Goewermentskennisgewing No. AG. 113 van 1981.

Administrateur-generaal — Windhoek, 10 Augustus 1981

## Government Notice

office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF NATIONAL HEALTH AND WELFARE

No. AG 113 1981

APPOINTMENT OF COMMISSION OF INQUIRY INTO HEALTH SERVICES IN SOUTH WEST AFRICA

It is hereby notified for general information that the Administrator-general has been pleased to appoint a Commission of Inquiry into Health Services in South-West Africa with the following terms of reference:

1. To inquire into and to make recommendations regarding the establishment and the provision of an efficient health service for all the inhabitants of South-West Africa.

2. In view of the inquiry the Commission is requested to:

   2.1 Determine in particular the needs of the various communities relating to the provision of health services to them and to pay attention to the solutions thereto.

   2.2 Pay special attention to the existing services, facilities and resources in this regard and to the present as well as the possible future utilisation thereof.

   2.3 Pay attention to the services, facilities and resources which will be needed to provide an efficient health service to the various communities.

   2.4 Pay attention to existing Health legislation in the Territory of South-West Africa with a view to adjustments and new legislation in this regard, within the context of the constitutional framework in South-West Africa.

3. The Commission is authorized to investigate any other matters which according in its opinion may be connected herewith including the financial implications and the manner in which any appropriation of funds shall be made.

## Goewermentskennisgewing

kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN WELSYN

No. AG. 113 1981

AANSTELLING VAN KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA GESONDHEIDSDIENSTE IN SUIDWES-AFRIKA

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat dit die Administrateur-generaal behaag het om 'n Kommissie van Ondersoek na Gesondheidsdienste in Suidwes-Afrika aan te stel met die volgende opdrag:

1. Om ondersoek in te stel na en aanbevelings te doen oor die instelling en lewering van 'n doeltreffende gesondheidsdiens vir al die inwoners van Suidwes-Afrika.

2. Met die oog op die ondersoek word die Kommissie versoek om:

   2.1 In die besonder die verskillende gemeenskappe se behoeftes met betrekking tot die lewering aan hulle van gesondheidsdienste te bepaal en aandag te skenk aan die oplossings daarvan.

   2.2 Besondere aandag te skenk aan die bestaande dienste, fasiliteite en hulpbronne in bogenoemde verband en die huidige en moontlike toekomstige aanwending daarvan.

   2.3 Aandag te skenk aan die dienste, fasiliteite en hulpbronne wat nodig sal wees om aan die verskillende gemeenskappe 'n doeltreffende gesondheidsdiens te lewer.

   2.4 Aandag te skenk aan die bestaande Gesondheidswetgewing in die gebied Suidwes-Afrika met die oog op aanpassings en nuwe wetgewing in hierdie verband, binne die raamwerk van die konstitusionele opset in Suidwes-Afrika.

3. Die Kommissie word gemagtig om enigiets verder te ondersoek wat na sy oordeel hiermee mag saamhang insluitende die finansiële implikasies en die wyse waarop enige bewilliging van fondse moet geskied.

4. The Commission shall consist of:

The Honourable Mister Justice C. Broeksma as chairman
Professor P.H. Harrison - Nurse
Professor S. Terreblanche - Economist
Professor H.P. Wassermann - Medical Practitioner
Professor G.S. Watermeyer - Medical Practitioner

5. Interested persons and bodies wishing to give evidence before the Commission are invited to submit for this purpose complete memoranda in duplicate, typed in double spacing, in one of the official languages, not later than thirty days after the date of this Notice to the Secretary, National Health and Welfare, Private Bag 13198, Windhoek, 9000 or Room 503 Trust Bank Centre, Kaiser Street, Windhoek.

4. Die Kommissie bestaan uit:

Sy Edele Regter C. Broeksma as voorsitter.
Professor P.H. Harrison - Verpleegkundige
Professor S. Terreblanche - Ekonoom
Professor H.P. Wassermann - Geneeskundige
Professor G.S. Watermeyer - Geneeskundige

5. Belanghebbende persone en instansies wat getuienis voor die Kommissie wil aflê word versoek om volledige memoranda in dubbelspasiëring getik vir die doel in een van die amptelike tale in tweevoud nie later nie as dertig dae na die datum van hierdie Kennisgewing by die Sekretaris, Nasionale Gesondheid en Welsyn, Privaatsak 13198, Windhoek 9000 of Kamer 503, Trustbanksentrum, Kaiserstraat, Windhoek in te dien.

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika